

Maandag 26 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 15:7-13

Fokusgedeelte: Romeine 15:7-13

Aanvaar en verdra mekaar binne die gesin

Hoop is iets waarvan ons almal in hierdie tyd nie genoeg kan kry nie. Om 'n gehoorsame kultuur van hoop in die gesin te vestig, is eie aan volgeling van Christus.

'n Sterk bestanddeel van hierdie tipe hoop is aanvaarding. Die kwalifikasie vir hierdie aanvaarding is nie soos wat ons baie in die sekulêre wêreld sien wat sonder grense is nie. Nee, dit is aanvaarding volgens die voorbeeld van Christus wat altyd tot eer van God lei. So beskryf Paulus dit dan in vers 8, naamlik dat Jesus die waarheid van God (soos in die Skrif geopenbaar) kom bevestig het. Dit het Hy gedoen deur die beloftes van die Ou Testament oor sy koms en die verlossing uit die sonde waar te maak toe Hy sterf en opstaan uit die dood.

Vanaf verse 9 tot 12 vat Paulus hierdie aanvaarding van gelowiges nog verder deur ander nasies as die Jode ook by die ontferming van God in te sluit. As dit nie hiervoor was nie, sou nie een van ons deur Christus aanvaar word nie, want ons is nie Jode nie.

Ons moet dus die voorbeeld van Jesus navolg deur mekaar in die gesin te aanvaar binne die grense wat die Woord stel soos dit God eer. Maar ons moet ook in ons gesin oefen om gelowiges uit ander nasies te aanvaar omdat dit God eer.

Paulus eindig met 'n wonderlike seënbede in vers 13 vir dié wat hierdie vlak van aanvaarding tot God se eer seek.

Vrede, vreugde en 'n altyd sterker wordende hoop word jou en jou gesin toegebid. Mag die Gees dit kragtig in julle bevestig soos julle aanvaar en verdra soos dit God eer.

Sing: Psalm 84-1:2, 6

Ds. HV Venter (Henning) (Windhoek)